

Toekomsverwagtings onder die jeug van die bruin¹ bevolkingsgroep in Suid-Afrika

Future expectations amongst the youth of the brown population group in South Africa

M G STEYN

Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria,
Pretoria
mg.steyn@up.ac.za



Miemsie Steyn



Gerrit Kamper

G D KAMPER

Departement Opvoedkundestudies,
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
kampegd@unisa.ac.za

M G (MIEMSIE) STEYN is 'n dosent van die Fakulteit Opvoedkunde, Departement Vroeë Kinderontwikkeling aan die Universiteit van Pretoria. Sy het BA(HOD) aan die Universiteit van Pretoria, BEd (cum laude) aan UNISA, MED in Tersiêre Onderrig (cum laude) aan RAU en DED in Opvoedkundige Sielkunde aan UNISA behaal. Sy is tans programkoördineerder van die BEd Honneurs in Leerondersteuning. Dr Steyn is ook verantwoordelik vir die modules Lewensoriëntering en Professionele Eetiek, wat daarop gemik is om aspirantonderwysers voor te berei en toe te rus vir die onderwyspraktik.

M G (MIEMSIE) STEYN is a lecturer at the Faculty of Education, Department of Early Childhood Education at the University of Pretoria. She obtained BA (HED) at the University of Pretoria, BEd (cum laude) at UNISA, MED in Tertiary Education (cum laude) at RAU and DED in Educational Psychology at UNISA. She is currently programme coordinator for the BEd Honours in Learning Support. Dr Steyn is also responsible for the modules on Life Orientation and Professional Ethics which aim at preparing and equipping student teachers for the teaching practice.

GERRIT KAMPER is professor in Onderwysbestuur in die Departement Opvoedkundige Studies aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy professionele loopbaan val in drie tydvakke uiteen, naamlik Duitsonderwyser, navorser aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), en universiteitsdosent. Hy fokus tans in sy navorsing ensyds op suksesvolle skole in arm gemeenskappe, en andersyds op toekomsverwagtinge onder die jeug van Suid-Afrika. Sy ander spesialisvelde is navorsingmetodologie, taalonderwys en basiese volwassene-onderwys.

GERRIT KAMPER is professor in Education Management in the Department of Educational Studies at the University of South Africa. His professional career consists of three stages, namely teacher of German, researcher at the Human Sciences Research Council, and university lecturer. Presently his research is focused on successful high poverty schools, as well as the future expectations of the South African youth. His other fields of expertise are research methodology, language teaching and basic adult education and training (ABET).

¹ Hierdie benaming word verkies omdat dit die gebruiklikste in amptelike dokumentasie is.

ABSTRACT***Future expectations amongst the youth of the brown population group in South Africa.***

The brown population in South Africa is not only faced with numerous social, economic and political challenges but also experiences a lack of collective identity. Hendricks (2005:118) points out that the origin of the brown population group can be traced back to historical social atrocities like slavery, murder and rape. The collective identity of the brown population is often shrouded in a lack of self-confidence and psychological empowerment, which left them over the years without any significant economic or political power (Adhikari 2002:123).

During the Apartheid dispensation, two measures in particular had a devastating effect on the brown population group, namely the Group Areas Act (South Africa 1950) and the Act on the Separate Representation of Voters (South Africa 1951). By means of the former, many people of colour were forced to move to other, separate and often second rate residential areas, whilst the latter resulted in far reaching political marginalisation. High expectations that this situation would change after 1994 were gradually but surely disappointed. The coloured population group's feelings of marginality – and of betrayal amongst some disillusioned former supporters of the anti-apartheid movement – have since been exacerbated by a perceived loss of status in the new South Africa. Over the years, sociologists have busied themselves with the question about the extent to which an uncertain sense of identity contributes to social problems which manifest in violence and crime. Concerning the brown population group, such a link seems to have been established with considerable certainty (Williams 2002; Laubscher 2003). Compared to other population groups, the incidence of social problems is actually the highest amongst brown people (Laubscher 2003). Ideally, the youth strives for a future in which they can live, work and contribute as full-fledged citizens towards the development of their country. Such a future perspective is educationally of high relevance, because it is a significant factor in the motivation to learn. In view of the brown population group's continued precarious position, the following research question was formulated: To what extent are brown adolescents sceptical about their future in South Africa?

Grade 12 learners would have been the ideal target group for this research since they are on the brink of stepping into the future. However, since principals generally do not wish the academic programme of Grade 12 learners to be disturbed, the study focused on Grade 11 learners in the assumption that the data gained from this group would not be significantly different. After an initial focus group interview with a Grade 11 group to identify main themes and categories, these were used to develop a questionnaire for wider use in a questionnaire survey. The schools involved were purposively selected in order to acquire data from semi-urban and urban settings in which the brown population group is strongly represented, or the majority. The questionnaires were personally delivered and collected, and a response rate of nearly 100% could thus be achieved.

In view of the already mentioned identity search and related problems, it was assumed that this would be reflected in a rather negative outlook on the future amongst the youth of the brown population group. Contrary to this expectation the foremost research conclusion was that the respondents held a predominantly positive view on their future in South Africa. This finding bodes well for the learning motivation of brown adolescents, and for the social upliftment and positive self-concept of South Africa's brown population group.

KEY CONCEPTS: Youth, adolescents, future expectations, brown population group, social problems; crime; South Africa

TREFWOORDE: Jeug, adolessente, toekomsverwagtinge, bruin bevolkingsgroep, maatskaplike probleem, misdaad, Suid-Afrika

OPSOMMING

Normaalweg visualiseer die jeug 'n toekoms waarin hulle as volwaardige burgers kan woon, werk en bydra tot die ontwikkeling van hul vaderland. Hierdie toekomspektief is opvoedkundig van groot belang, omdat dit 'n wesenlike faktor in leermotivering is. Die bruin bevolkingsgroep in Suid-Afrika het te kampe met talle maatskaplike, ekonomiese en politieke uitdagings as gevolg van volgehoue marginalisering, ook in die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Teen hierdie agtergrond is die volgende navorsingsvraag geformuleer: In watter mate is die bruin jeug skepties oor hul toekoms in Suid-Afrika? 'n Vraelysondersoek is onder Graad11 leerders gedoen. Teen die verwagting in het dit geblyk dat respondente oorwegend positief was oor die verwesenliking van hul toekomsideale in Suid-Afrika. Hierdie bevinding hou veel goeds in vir die maatskaplike opheffing en positiewe selfbeeld van Suid-Afrika se bruin gemeenskap.

1. INLEIDING

“Bruin mense moet ophou verskoning maak vir hul herkoms en moet gemaklik wees met hul bruin vel. Dis ook tyd dat hulle hul regmatige plek opeis en deel word van die hoofstroom-Suid-Afrika” (*Rapport* 2008). Met hierdie woorde het dr Danny Titus, uitvoerende hoof van die ATKV, die rasionaal vir die totstandkoming van 'n nuwe burgerlike beweging, die Bruin Belange Inisiatief (BBI), verwoord. Die BBI het op 18-20 Julie 2008 sy eerste amptelike saamtrek gehou, bygewoon deur meer as 500 bruin verteenwoordigers uit alle vertakkings van die samelewing (*Rapport* 2008).

Alhoewel dit sekerlik nie die steun van alle meningsvormers in die Bruin gemeenskap geniet nie, was die ontstaan van die BBI nie heeltemal onverwags nie. Die bruin bevolkingsgroep in Suid-Afrika het te kampe met talle maatskaplike, ekonomiese en politieke uitdagings. Alhoewel die politieke status van die meerderheid Suid-Afrikaners sedert 1994 dramaties verbeter het, ervaar die bruin gemeenskap dat hulle steeds op talle gebiede benadeel word. Te midde van nasionale sosio-ekonomiese hindernisse soos geweldmisdad, die kragkrisis, korrupsie, wanbestuur, armoede en HIV/VIGS, beleef die bruin gemeenskappe ook 'n gebrek aan 'n kollektiewe identiteit en moet doelgerig poog om 'n regmatige plek in hul land te verkry. “Die nuwe Suid-Afrika is 'n Afrikaan-nasionalistiese konsentrasiekamp waar bruin mense van elke hoofsektor en instelling uitgesluit is, met hier en daar 'n paar *token-lede*” (Kadalie in *Rapport* 6 Julie 2008).

Normaalweg wil die jeug 'n toekoms visualiseer waarin hulle as volwaardige burgers kan woon, werk en bydra tot die ontwikkeling van hul vaderland. Adolessente se toekomsvisie sowel as hulle ontwikkelende identiteite word deur hul politiese, sosiale en ekonomiese kontekste beïnvloed (Finchilescu & Dawes 2001:133). Geen samelewing kan dit bekostig dat daar verduisterde toekomspektiewe onder die jeug heers nie. Sulke perspektiewe blokkeer effektiewe onderwys, lei tot destruktiewe burgerskap en is simptome van 'n ongesonde samelewing.

Die maatskaplike imperatief om in belang van 'n goeie toekoms deeglik na die jeug om te sien, word treffend deur Larson, Wilson en Mortimer (2002:159) verwoord: “The future of societies depends on their success in providing pathways whereby young people develop and prepare themselves to be contributing adults to their communities”. As hierdie gebaande weë vir die adolessent duidelik, stabiel en aanloklik is, is die gemeenskap verseker dat die nuwe generasie

volwassenes goed voorbereid sal wees vir die taak wat op hulle wag. Indien hierdie weë egter onvoorspelbaar, irrelevant en selfs gevaarlik is, wag ’n onseker en onvoorspelbare toekoms op die adollesent (Larson, Wilson & Mortimer 2002:159).

In hierdie artikel val die soeklig op die bruin jeug van Suid-Afrika. Die fokus word as belangrik beskou omdat die bruin gemeenskap in die nuwe politieke bedeling steeds (en in debatteerbare mate onveranderd) ’n gemarginaliseerde groep is. Mohamed Adhikari, ’n gesaghebbende outeur op die gebied van bruin identiteit (University of Cape Town, 2009), stel die dilemma soos volg: “First we were not white enough and now we are not black enough” (Adhikari 2004:168). Die bruin jeug moet hulself voorberei om as volwassenes in Suid-Afrika hul plek vol te staan – aan die een kant te midde van toenemende sosiale uitdagings, en aan die ander kant met ’n klaarblyklike identiteitsonsekerheid – ’n erfenis van sosiale minderwaardigheid en tweedeklasburgerskap (Adhikari 2002:124). Hierdie stand van sake het aanleiding gegee tot die volgende navorsingsvraag: In welke mate is die bruin jeug skepties oor hul toekoms in Suid-Afrika?

Vervolgens word eers aandag gegee aan die identiteitsbeleving van die bruin bevolkingsgroep, asook die teoretiese basis vir navorsing oor die toekomsverwagtinge van adollesente. Daarna volg die uiteensetting van die metodologie en bevindings van ’n navorsingsprojek onder die bruin jeug. Die betekenis van die bevindings word dan beredeneer en gevolgtrekkings gemaak.

2. IDENTITEITSBELEWING VAN DIE BRUIN BEVOLKINGSGROEP

Volgens Hendricks (2005:118) is die herkoms van die bruinmens te wyte aan sosiale wandade soos slawerny, groepsmoord, verkragting en verbastering. Die bruinmens as bevolkingsgroep is as sodanig geklassifiseer deur die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en het sy beslag gekry in ’n rassediskoers, gebaseer op ’n veronderstelde komplekse netwerk van sosiale verhoudinge ongeag ooreenstemmende fisiese, sosiale, taal en godsdienstige kenmerke met dié van die witmens (Martin 2004:152; Geldenhuys & De Lange 2007:118). Dit is dus ’n identiteit wat geklee is in ’n beleving van skande en skaamte, ’n gebrek aan geloofwaardigheid, ’n identiteit wat die draers daarvan sielkundig ontmagtig gelaat het (Hendricks 2005:115) en wat ook voorkom het dat bruinmense enige beduidende ekonomiese of politieke mag kon hê (Adhikari 2002:123). “Coloured people are generally thought of as being of ‘mixed race’, or less flatteringly, as ‘half-caste’ or even a ‘bastard’ people” (Adhikari 2006:151). Dit is juis hierdie persepsies wat volgens Hendricks (2005:115) die bruin identiteit selfs in die twintigste eeu vooruit loop, bepaal en vaslê.

GEDurende die vorige politieke bedeling het twee apartheidsmaatreëls in die besonder bygedra tot die politieke vervreemding en maatskaplike ontworteling van bruinmense, naamlik die Groepsgebiedewet, Wet nr 41 van 1950 (Suid-Afrika, 1950) en die plasing van bruinmense op ’n aparte kiesersrol deur die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, Wet nr. 46 van 1951 (Suid-Afrika, 1951). Eersgenoemde het meegebring dat talle bruinmense fisies uit gevestigde na nuwe, aparte, en grotendeels tweederangse woongebiede moes trek, met gepaardgaande groot ontwigting op veral onderwys- en kerklike gebied. Laasgenoemde is, na ’n hewige regsdispuut, vanaf 1956 effektief geïmplementeer deur ’n wysigingswet, Wet nr. 9 van 1956 (Suid-Afrika, 1956) en het Afrikaanssprekendes volgens kleur op aparte kiesersrolle geplaas – ’n gebeurtenis wat allerweë deur bruinmense as ’n brutale daad van marginalisering en vernedering beskou is.

Eerwaarde Desmond Tutu het kort na die ANC se bewindsoorname in 1994 die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing tekenend saamgevat met sy term “reënboognasie”. Dié

woord weerspieël die kleurvolheid en verskeidenheid van die samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking, en impliseer ook waardering, akkommodasie en gelyke behandeling van elke etniese groepering. Hoe sien die “reënboognasie” tans daaruit? Wat is die algemene persepsie van die welstand van die Suid-Afrikaanse samelewing? Beleef alle groeperings ’n volwaardige plek en erkenning in die tapisserie van “reënboogkleure”? Adhikari (2004:176) wys op ’n cliché wat onder bruinmense voorkom, naamlik: “Daar is nie bruin in ’n reënboog nie.” Die implikasie is duidelik: Bruinmense beleef hulself nie as deel van die Suid-Afrikaanse samelewing nie.

De Jongh (2006:80) beweer dat bruinmense hulself sien as deel van ’n middelwêreld – hulle word nie deur swart of wit aanvaar nie, en ervaar hulself om voortdurend onder beleg (“under siege”) te wees.

In die laat sewentigerjare van die vorige eeu, het bruinmense hulself strategies herdefinieer as swart en onder die sambreel van ’n massa demokratiese beweging meegewerk om apartheid omver te werp (Laubsher 2003:133). Maar weer eens is die bruinmens in die steek gelaat.

Coloureds’ feelings of marginality – and of betrayal amongst some disillusioned former supporters of the anti-apartheid movement – have been deepened by a perceived loss of status by Coloured people in the new South Africa. Having all along enjoyed a position of relative privilege, many now regarded Coloureds to be the lowest in the pecking order of the new South Africa, because the Africa-dominated government advances its own racial constituency, while whites who continue to dominate the economy increasingly favour Africans to ingratiate themselves with the political elite. (Adhikari 2004:173)

Veral onder die bruin werkersklas en ook onder die laer middelinkomste groep heers ’n belewenis dat hulle nou erger daaraan toe is as onder die vorige bedeling. Met die koms van ’n eerste swart regering in 1994, het die hoop weer opgevlam om ’n volwaardige plek in die nuwe regering in te neem, maar ontnugtering het gevolg.

Kwynende werksgeleenthede, veral as gevolg van regstellende aksie, toenemende misdaad, die verval van sosiale dienste en korrupte regeringsamptenare is van die redes wat aangevoer word vir die standpunt dat bruinmense eintlik beter daaraan toe was in die apartheidsbedeling. “There is a strong feeling that the Coloured people have traded one set of oppressors under apartheid for a larger, even more unscrupulous set of oppressors after 1994” (Adhikari 2004: 171,172).

Volgens Erasmus (2000:48) word daar tussen ’n primêre identiteit (ook genoem etniese identiteit) en sekondêre identiteite onderskei. Eersgenoemde word as die basiese identiteit gesien wat ’n persoon as gevolg van sy geboorte en enkulturasieproses verkry en het ook volgens Martin (in Delpont & Olivier 2003:183) ’n affektiewe komponent. Dit beteken dat indien ’n persoon met ’n minderwaardige of gestigmatiseerde groep identifiseer, word gevoelens van skaamte en minagting van die self ervaar.

Die vraag wat onwillekeurig ontstaan, is of daar enige korrelasie is tussen die identiteits-belewing van die bruinmens en die groot omvang van maatskaplike probleme onder dié bevolkingsgroep? Battersby (in Dyers 2004:24) beweer dat sosioloë hierdie onvermoë om die historiese identiteit en kultuur van ’n groep te definieer, beskou as die wortel van bendewese, geweld en die misbruik van vrouens en kinders wat omvangryk in in die arm, bruin werkersklasareas voorkom. Williams (2002) ondersteun hierdie standpunt deur te sê: “The ‘coloured’ suffers from self-hatred and therefore engages in self-destructive behaviour”. Na ’n ondersoek onder die bruin gemeenskap in die Paarl berig Laubsher (2003:133-143) ook oor die omvangryke maatskaplike

dilemmas wat voorkom en kom tot die gevolgtrekking: “A persistent anxiety, shifting between ground and figure, trails like a shadow through daily life” (Laubsher 2003:140).


’n Studie deur ekonome aan die Universiteit van Stellenbosch het verder bevind dat armoede onder al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika tussen 1990 en 2000 afgeneem het, behalwe in die geval van die bruin bevolking (Adhikari 2004:172). Volgens ’n veel donkerder prentjie van die omvang van armoede in Suid-Afrika (Kane-Berman 2007) het die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede bevind dat die getal absolute armes (volgens die internasionaal erkende norm van oorlewing met die ekwivalent van een dollar per dag, of minder) gestyg het van 1.9 miljoen in 1996 tot 4.2 miljoen in 2005. Die implikasie hiervan vir die bruin bevolkingsgroep is duidelik. Adhikari (2004: 172) verwys verder na misdaadstatistiek wat daarop dui dat bruinmense se kans om vermoor te word, twee keer so groot is as ander bevolkingsgroepe en wys ook op stygende werkloosheid, toenemende dwelm- en alkoholmisbruik en ’n groeiende voorkoms van rampokkery en misdaad in die bruin werkersklas.

Die omvang van materiële en morele problematiek onder die bruin bevolkingsgroep is ’n aanklag teen die nuwe demokrasie, waarop die hoop van al die voorheen benadeelde groepe gevestig was vir ’n beter bedeling op alle vlakke. Gegewe hierdie problematiek kan met reg gevra word in watter mate die bruin jeug wel konstruktiewe toekomsverwagtinge het binne die konteks van klaarblyklike identiteitsoeke, uitsigloosheid en maatskaplike ontwrigting? ’n Akademies-verantwoorde antwoord op hierdie vraag vereis allereers ’n kort teoretiese verantwoording aangaande adolessente se toekomsverwagtinge as ondersoekveld.

3. TOEKOMSVERWAGTINGE VAN ADOLESSENTE: ’N TEORETIESE VERANTWOORDING

Om oor die bruin jeug se toekoms te besin, word die ekosistemiese model as vertrekpunt gebruik aangesien dit veral kyk na faktore in die onmiddellike omgewing van die adolessent (familie, skool, portuurgroep, gemeenskap) en die wedersydse interaksie tussen die faktore. In hierdie verband is die kontekstuele raamwerk van Bronfenbrenner (1986) relevant (Swart & Pettipher 2005). Hierdie raamwerk is gebaseer op die sisteemteorie wat onderlinge verhoudinge tussen mense, gemeenskappe en instansies verklaar. Die sisteemteorie sien dus verskillende vlakke of groepe in die sosiale konteks as “sisteme” waar die funksionering van die geheel afhanklik is van die interaksie tussen die verskillende dele, en *vice versa*. Hierdie sisteme word onderskei as die mikrosisteem, die mesosisteem, die exo-sisteem en die makrosisteem (kyk figuur 1).

Vir die doel van hierdie studie is die makrosisteem van belang. Hierdie sisteem omvat die houdings, geloof, waardes en ideologieë inherent in ’n gemeenskap en kultuur en het as sodanig ’n pertinente impak op die exo-, meso- en mikrosisteme (kyk figuur 1). Toekomsverwagtinge word deurslaggewend bepaal deur die makrovlak, waar dit beslag kry deur (en in) die ekonomie, politiek, maatskaplike gesondheid, sosiale waardes en gemeenskapsaard- en omstandighede. Hierdie aspekte van die makrovlak word beïnvloed en gevorm deur, maar oefen tegelykertyd ’n bepalende invloed uit op, die verskillende aspekte van die onderskeie sisteme, soos aangetoon in figuur 1. Eenvoudig gestel: individue, gemeenskappe en bevolkingsgroepe se omstandighede, lewenshouding en toekomsverwagtings kan die heel beste binne ’n omvattende raamwerk van konsentriese sisteme verstaan word, met die makrosisteem (as “wesentliche karakter” van die samelewing) as wesentliche determinant.



(Swart & Pettipher 2005:11)

Figuur 1: 'n Grafiese voorstelling van die ekosistemiese model

Ook in die geval van die bruinmense, kan geredeneer word dat die individu beïnvloed word deur die sosiaal-politieke konteks, en dat die belewing van individue 'n impak het op die kollektiewe gedrag van die bruin bevolkingsgroep. Soos Geldenhuys en De Lange (2007:118) dit ook tereg stel: "No identity is static...However, since each individual belongs to a specific cultural group, his or her identity construction takes place within this social context through interaction with others".

Die ekosistemiese model verklaar hoe maatskaplike "Umwelt"-faktore die toekomsverwagtinge van (bruin) adolessente deurslaggewend bepaal. In die lig van hierdie model, en die historiese, politieke en maatskaplike posisie van bruinmense in Suid-Afrika (soos alreeds aangetoon), is 'n empiriese ondersoek na die moontlike verduistering van die bruin jeug se toekomsdele as geregtig en noodsaaklik beskou.

4. ONTWERP VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Met die voorgenoemde rasioneel en teoretiese onderbou as basis is 'n empiriese ondersoek gedoen na bruin Graad 11 leerders se perspektiewe en verwagtings rakende hulle toekoms in Suid-Afrika. As uitgangspunt is aanvaar dat die fokus in die empiriese ondersoek op Graad 11 leerders behoort te val aangesien hierdie leerders in hul voorlaaste skooljaar is, en veronderstel kan word dat hulle reeds met toekomsbeplanning gemoeid is. Graad 12 leerders sou sekerlik die ideale respondente-

groep wees, maar hul akademiese program is van so 'n aard dat blootstelling aan empiriese navorsing onwenslik is.

Ter wille van terreinverkenning is eers 'n kwalitatiewe benadering gevolg. Daar is besluit om bruin Graad 11 leerders van 'n multikulturele sekondêre skool in Pretoria te pols oor hul toekomsverwagtinge in Suid-Afrika.

Met behulp van die Afrikaansonderwyser het die leerders opstelle van maksimum 300 woorde geskryf met die tema "My toekoms in Suid-Afrika". Teksanalise is op die opstelle uitgevoer ten einde die strekking van, en temas in die toekomsverwagting van die leerders te bepaal.

Ter wille van verifikasie van die standpunte wat in die opstelle gestel is, is 'n fokusgroep-onderhoud met agt van die leerders gevoer, geselekteer om 'n balans tussen seuns en dogters en positiewe en negatiewe standpunte soos dit uit hulle opstelle geblyk het, te verkry. Die fokusgroepbevindings het ooreengestem met die inhoud van die deelnemers se opstelle, naamlik 'n oorwegend positiewe strekking oor hul toekoms in Suid-Afrika. Die erns van die misdadaatsituasie is egter sterk beklemtoon.

Daarna is 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg. Die opsteltemas is gebruik as basis vir 'n vraelys vir toepassing op groter skaal. Daar is geoordeel dat 'n vraelys beter tussen temas sou kon diskrimineer en rangordes sou kon uitlig.

In die keuse van deelnemende skole is die aanname gemaak dat ekonomiese en geografiese veranderlikes (sosio-ekonomiese peil, stedelike versus plattelandse omgewing) 'n invloed mag hê op die toekomsverwagting van bruin jongmense. Doelmatige steekproeftrekking is gevolglik gebruik en die keuse het geval op 'n stedelike sekondêre skool in 'n bruin woongebied in Pretoria (Eersterust – Skool A), 'n plattelandse skool in die Oos-Kaap (Humansdorp – Skool B), 'n semi-stedelike skool in die Suid-Kaap (Mosselbaai – Skool C), 'n semi-plattelandse skool in die Wes-Kaap (Stellenbosch – Skool D) en 'n stedelike skool in die Noord-Kaap (Kimberley – Skool E). Goeie samewerking is deurgaans verkry en in elk van hierdie skole het die universum van Graad 11 leerders die vraelyste voltooi, in totaal 432 respondente.

Die steekproef maak geen aanspraak daarop dat dit verteenwoordigend is van die Afrikaanssprekende bruin jeug van Suid-Afrika nie, maar nogtans is aangeneem dat die geografiese verspreiding binne die steekproef 'n geldige weergawe van heersende toekomsverwagtinge onder bruin Afrikaanssprekende adolessente sou gee.

5. NAVORSINGSBEVINDINGS

5.1 Biografiese data en selfkennis

Die respondente was meestal (75.3%) in die ouderdomsgroep van 16-17 jaar. Die data verteenwoordig dus die sienings van 'n spesifieke ouderdomskohort in adolessensie, soos oorspronklik beplan. Die geslagsverspreiding van die respondente was 53.0% dogters teenoor 46.8% seuns, en derhalwe kan die data as verteenwoordigend van die onderskeie sienings van seuns en dogters geld. Omdat daar in verbandhoudende navorsing (Kamper & Steyn 2008) nie beduidende verskille tussen die toekomspektiewe van seuns en dogters gevind is nie, is daar in hierdie ondersoek nie voorsiening gemaak vir sodanige onderskeiding nie.

Ten einde 'n idee te kry van die algemene stand van selfbeeld en lewensinstelling onder die respondente, is hulle versoek om hulself aan die hand van 13 items te evalueer. Die resultate word aangetoon in Tabel 1.

TABEL 1: Selfkennis

Ek ken myself as ...	n	%
Teruggetrokke	147	35.4
Doelgerig	359	85.5
Entoesiasies oor nuwe geleenthede	380	90.0
Suksesvol in wat ek doen	336	80.4
Tevrede met my lewe tot nou	289	68.0
Dikwels bekommerd	201	47.6
Neem graag leiding	277	65.6
Gelukkig	372	87.7
Taamlik lusteloos	74	17.6
Sportief	212	50.0
Glo in die beskikking van God in my lewe	410	96.5
Uitgesproke	210	50.4
Sien uit na die toekoms	415	96.7
TOTAAL	432	100.0

Die data in Tabel 1 dui onmiskenbaar op 'n positiewe selfbeeld en lewensinstelling onder die respondente. Dit blyk onder andere uit die sterk positiewe persepsie van persoonlike sukses (80.4%), doelgerigheid (85.5%) en geluk (87.7%), asook uit die entoesiasme oor nuwe geleenthede (90.0%) en die uitsien na die toekoms (96.7%). Hierdie bevindinge strook nie met waarnemings soos die volgende nie: “Van alle groepe in Suid-Afrika is daar geen ander wat oor die algemeen op persoonlike, politieke en sosiale vlak meer vervreemd en ongemaklik voel oor die nuwe Suid-Afrika as die bruinmense nie” (*Rapport*, 2007).

Die respondente het ook 'n sterk religieuse dimensie (96.5%) in hulle toekomsverwachting te kenne gegee. Die relatief laer persentasies vir sportdeelname (50.0%) en lewenslooptevredenheid (68.0%) kan dui op die invloed van ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede.

5.2 Tuis- en skoolomgewing

Ons het dit nodig geag om vas te stel hoe sekere aspekte van die respondente se tuis- en skoolomgewings moontlik hulle toekomsienings beïnvloed. Daar is besluit om slegs te fokus op die aard van gesprekke oor Suid-Afrika, soos die respondente dit tuis en op skool beleef het. Verder het ons blootstelling aan daaglikse koerantberigte oor Suid-Afrika as potensieel meningsvormend beskou. 'n Item oor kerkbywoning is ook ingesluit. Ons aanname was dat die aard van die respondente se toekomsiening in 'n beduidende mate deur geloofsoortuigings bepaal kon wees, vanweë Afrikaanssprekendes se sterk kulturele en historiese erkenning van religieuse waardes. Vir ons doeleindes het ons kerkbywoning as 'n aanduiding van die aanvaarding en uitleef van religieuse waardes beskou, wel wetende dat kerkbywoning en godsdiens nie noodwendig oor een kam geskeer kan word nie.

Die data aangaande die respondente se tuis- en skoolomgewing word in Tabel 2 aangetoon.

TABEL 2: Tuis- en skoolomgewing

Kerkiensbywoning	n	%
Ten minste een keer per week	225	52.1
Ongeveer twee keer per maand	112	25.9
Ongereeld	70	16.2
Selde/Nooit	25	5.8
TOTAAL	432	100.0
Tuisgesprekke oor Suid-Afrika		
Net positief	49	11.3
Net negatief	33	7.6
Soms positief, soms negatief	296	68.5
Onbeduidend – daar word nie oor landsake gepraat nie	54	12.5
TOTAAL	432	100.0
Onderwyseropmerkings oor Suid-Afrika		
Net positief	58	13.5
Net negatief	23	5.3
Soms positief, soms negatief	333	77.3
Onbeduidend – onderwysers praat nie oor landsake nie	17	3.9
TOTAAL	431	100.0
Koerantlees		
Min of meer daaglik	90	20.8
Twee tot vier keer per week	82	19.0
Slegs nou en dan	234	54.2
Nooit of uiters selde	26	6.0
TOTAAL	432	100.0

Die gegewens in Tabel 2 dui allereers op 'n taamlik hoë mate van kerkbywoning (78% minstens twee keer per maand), aansluitend by die verbandhoudende item in Tabel 1 (glo in die beskikking van God – 96.5%). Die response aangaande die aard van tuisgesprekke oor Suid-Afrika toon 'n ooreenkomstige profiel met dié in die skool: eksklusief positiewe (11.3%; 13.5%), sowel as eksklusief negatiewe (7.6%; 5.3%) gesprekke is beduidend in die minderheid. Die gesprekke is meestal afwisselend positief en negatief (68.5%; 77.3%), wat daarop dui dat omstandighede in Suid-Afrika dikwels krities onder die loep kom, maar sonder om die aard van negatiewe beïnvloeding aan te neem.

Die gegewens oor koerantlees is insiggewend. Dit blyk dat slegs bykans 40% van die respondente gereelde koerantlesers was. Die koerant het dus vir 'n groot deel van die respondente

nie as primêre inligtingsbron oor Suid-Afrika gegeld nie. Alhoewel respondente (by nabaat jammer genoeg) nie gepols is oor die mate waarin hulle TV nuusbuletins gevolg het nie, kan daar vrae wees oor die respondente se parate kennis van omstandighede en knelpunte in Suid-Afrika.

5.3 Toekomsplanne

Ten einde te bepaal in welke mate die respondente die ideaal gekoester het om hulle toekomsdeale elders (d.i. buite Suid-Afrika) te verwesenlik, het 'n aantal vraelysitems ingegaan op die plaaslike of buitelandse lokus van toekomstige studie- en loopbaanplanne, en die hoofrede om Suid-Afrika te verlaat, as dit van toepassing sou wees. Die vraelys is afgesluit met 'n oop item, waar respondente die geleentheid gehad het om in 'n paragraaf of twee vrye uiting te gee aan hulle toekomsdeale en waar hulle hulself graag 10 jaar verder sou wou sien. Die itemresponse word aangetoon in Tabel 3. Die terugvoer in die oop vraag is nie tabularies aangetoon nie, maar word tekstueel weergegee.

TABEL 3: Toekomsplanne

Toekomsplanne na skool	n	%
Eers werk oorsee voordat ek gaan studeer	67	15.6
Eers werk in SA voordat ek gaan studeer	24	5.6
Dadelik studeer in SA	210	48.7
Dadelik studeer oorsee	24	5.6
Glad nie studeer nie, liever eie besigheid of werk in SA	23	5.3
Glad nie studeer nie, liever eie besigheid of werk oorsee	18	4.2
Nog onseker	65	15.1
TOTAAL	431	100.0
Toekomsplanne vir loopbaan		
Werk permanent oorsee	17	3.9
Werk oorsee, maar kom later terug na SA	139	32.3
Werk in SA	191	44.3
Nog onseker	84	19.5
TOTAAL	431	100.0
Hoofrede om SA tydelik of permanent te verlaat		
Baie geld verdien	113	26.3
Loopbaansukses	253	59.0
Veilige omgewing	11	2.6
Nie van toepassing nie – oorweeg geensins so 'n stap nie	52	12.1
TOTAAL	429	100.0

Die gegewens in Tabel 3 bring onmiskenbaar aan die lig dat daar geen sprake was van 'n "wegkomwens" onder die respondente nie – slegs 3.9% het die wens uitgespreek om permanent oorsee te gaan werk. Daarteenoor het 76.6% van die respondente 'n Suid-Afrikaanse fokus in hul loopbaanplanne laat blyk, met 'n verdere bykans 20% wat nog onseker was (verstaanbaar, in die lig van die respondente as Graad 11 leerders), aangaande hul toekomsplanne. Ook wat betref die onmiddellike toekomsplanne na skool is die Suid-Afrikaanse fokus merkbaar uit die plaaslik georiënteerde response (59.6%) teenoor die buitelandse georiënteerde response (25.4%).

Die oorgrote meerderheid respondente (85.3%) het geldelike en loopbaanvoordele voorgelou as redes om Suid-Afrika tydelik of permanent te verlaat. Die baie lae persentasie respondente (2.6%) wat hier veiligheidsoorwegings as rede aangetoon het, was onverwags in die lig van die misdaadsituasie in Suid-Afrika, en laat blyk dat die respondente nie in enige beduidende mate enige bestaans- of toekomsvrees vir hul lewe in Suid-Afrika gehuldig het nie.

Wat betref die toekoms ideale soos die respondente dit in die oop response verwoord het, is dit baie duidelik dat daar geen beduidende wens is om uit Suid-Afrika weg te kom nie, en 'n behoefte aan veiligheid is ook nie in beduidende mate uitgespreek nie. Die respondente het baie sterk die verwesenliking van beroepsukses beklemtoon, asook die wens om mee te help aan die maatskaplike opheffing van hulle families en gemeenskappe.

5.4 sienings oor Suid-Afrika

Die kern van die vraelys het gehandel oor respondente se sienings oor Suid-Afrika, en hulle toekomsvooruitsigte vir 'n sinvolle en suksesvolle lewe in hulle vaderland. Respondente is gepol oor Suid-Afrika se grootste voordeel en grootste probleem, asook oor hulle positiewe, neutrale of negatiewe uitkyk op persoonlike toekomsvooruitsigte in Suid-Afrika. Respondente is daarenewens gevra om hulle mening te gee oor die mate waarin hulle as Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika aanvaar word. Die response word in Tabelle 4 en 5 aangetoon.

Volgens die data in Tabel 4 was die respondente se sienings oor Suid-Afrika se grootste voordeel verdeel tussen ekonomiese vooruitsigte, natuurskoon, werksgeleentehede, klem op menseregte en sportprestasies. Menseverhouding is in relatiewe minder mate as grootste voordeel beskou, maar nie werklik as probleem nie – kyk die verbandhoudende item ("rassespanning") in die lys van probleme in die tabel. Geleentheid om diens te lewer is nie hoog aangeslaan nie, maar die persentasie (5.9%) is in verhouding tot die ander persentasies nie onbeduidend nie, en aanduidend van 'n besef van die maatskaplike nood in Suid-Afrika.

Die respondente het HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem beskou (34.9%), waarskynlik ook weens die verbandhoudende bewusmakingsinisiatiewe van die onderskeie onderwysdepartemente. Gewelddmissdaad (28.9%) en armoede en werkloosheid gekombineer (28.6%) figureer ook prominent in die lys van probleme. Dit stem ooreen met literatuurbevindinge wat die bruin bevolkingsgroep uitsonder as aan die ontvangkant van kontinue armoede-belewing en blootstelling aan gewelddmissdaad (soos alreeds aangetoon). Ondanks die media-aandag daaraan, het die respondente nie groot gewig toegeken aan wanbestuur (1.2%) en korrupsie (5.1%) as maatskaplike probleme nie, moontlik omdat dit nie so direk deel van hulle leefwêreld was nie. Die respondente het geen probleem gehad met regstellende aksie nie, waaruit blyk dat die aanstelling van swart bo beter gekwalifiseerde bruin kandidate (*Beeld* 2006) slegs uitsonderlik plaasvind.

TABEL 4: Suid-Afrika se grootste voordeel en grootste probleem

Suid-Afrika se grootste voordeel	n	%
Ekonomiese vooruitsigte	58	13.7
Natuurskoon	61	14.4
Werksgeleenthede	67	15.8
Menseverhoudinge	37	8.7
Geleenthede om diens te lewer	25	5.9
Vryheid van spraak	50	11.8
Klem op menseregte	68	16.0
Sportprestasies	58	13.7
TOTAAL	424	100.0
Suid-Afrika se grootste probleem		
Armoede	49	11.4
HIV/VIGS	150	34.9
Wanbestuur	5	1.2
Rassespanning	4	0.9
Werkloosheid	74	17.2
Regstellende aksie	2	0.5
Geweldmisdad	124	28.9
Korrupsie	22	5.1
TOTAAL	430	100.0

TABEL 5: Eie toekoms in Suid-Afrika

My toekoms in Suid-Afrika	n	%
My toekoms in SA is blink. Daar is heelwat probleme, maar met harde werk en 'n positiewe gesindheid kan ek sukses behaal.	161	37.4
Ek is vol vertroue dat ek wel 'n toekoms in SA het. My lewe is in die hand van die Here en Hy sal my plaas waar ek moet wees en daar vir my sorg.	203	47.2
Die probleme in SA is van so 'n aard dat ek maar 'n afwagterende houding inneem. As dinge versleg, waai ek. As dinge verbeter, bly ek.	14	3.3
Die omstandighede in SA is van so 'n aard dat ek die eerste geleentheid om die land te verlaat, sal aangryp. Ek sal egter terugkeer as dinge weer verbeter.	27	6.3
Probleme soos armoede, vigs, misdaad en korrupsie sal net nog vererger. Ek sien geen lig vir enige verbetering nie en daarom wil ek die land graag permanent verlaat.	12	2.8
Nie een van hierdie standpunte nie	12	2.8
TOTAAL	429	100.0
Mate waarin ek as Afrikaanssprekende aanvaar word		
Glad nie	31	7.2
In 'n mindere mate	97	22.7
Grotendeels	145	33.9
Heeltemal	155	36.2
TOTAAL	428	100.0

Tabel 5 laat blyk dat die oorgrote meerderheid van die respondente (84.6%) hulself vereenselwig het met die eerste twee stellings, en daarmee aangedui het hoe sterk hul toekomsprospektief in hul vaderland gesetel was. Slegs 3% van die respondente was uit en uit negatief, met die pertinente wens om Suid-Afrika permanent te verlaat. Hierdie bevindings staaf oortuigend wat reeds in die bespreking van die data in vorige tabelle aangetoon is, naamlik dat daar in geen beduidende mate sprake is van 'n behoefte om die land te verlaat nie, waaruit afgelei kan word dat die respondente die sosiale problematiek in Suid-Afrika nie as emigrasiefaktor beskou nie. Verbandhoudend hiermee het die respondente as Afrikaanssprekendes ook nie 'n algemene vervreemdinggevoel te kenne gegee nie: 70% het aangedui dat hulle aanvoel dat hulle grotendeels, of heeltemal in Suid-Afrika aanvaar word. Die feit dat soveel as 30% van die respondente dit nie so ervaar het nie, dui daarop dat Afrikaans steeds 'n negatiewe historiese bagasie dra, en as sodanig toekomsvooruitsigte

mag temper. Die oorwegend positiewe bevinding was nie heeltemal te wagte nie, gesien in die lig van bruin mense se beleefde marginalisering in die huidige Suid-Afrika (soos alreeds aangetoon).

6. GEVOLGTREKKINGS

Die volgende profiel van die bruin Graad 11 leerder word deur die vraelysbevindinge geskets: Dit blyk dat die respondente in die ondersoekgroep oorwegend

- 'n positiewe lewensinstelling het en godsdienstig ernstig opneem;
- plaaslik georiënteerd is in hulle toekomsplanne, veral oor die langer termyn;
- sosiaal-maatskaplik (filantropies), maar veral sukses-georiënteerd is, en loopbaansukses as allesoorheersende toekomsideaal vir tien jaar verder koester, maar dan ook met die doel om in die materiële behoeftes van ouers en familieledede te voorsien;
- HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem sien, en in 'n mindere mate ook geweldmisdad, armoede en werkloosheid;
- nie tuis of by die skool aan ooglopende negatiewe indoktrinering jeens Suid-Afrika blootgestel is nie;
- nie ywerige koerantlesers is nie;
- nie in beduidende mate gemarginaliseerd of benadeeld voel nie.

Die navorsers gee graag toe dat hulle in hierdie ondersoek by wyse van teoretiese hipotese aangeneem het dat die politieke-maatskaplike problematiek (identiteitsonsekerheid, ontevredenheid met die huidige politieke bestel, bendewese, dwelmafhanglikheid, HIV/Vigs, geweldmisdad) waarmee bruinmense in Suid-Afrika te kampe het van so 'n aard is dat die bruin jeug in beduidende mate 'n uitsigloosheid betreffende hulle toekoms sou beleef. As vernaamste gevolgtrekking kan gestel word dat hierdie hipotese nie bevestig is nie. Die respondente was oorwegend positief oor die verwesenliking van hul toekomsideale in Suid-Afrika. In die lig van die ekosistemiese model (kyk figuur 1) laat die bevindinge die vermoede ontstaan dat die toekomsverwagtinge van 17-jarige jeugdige in 'n groter mate as by volwassenes bepaal word deur die onmiddellike lewensmilieu (die mesosisteam), met ander woorde, dat die maatskaplike problematiek in die exo- en makrosisteme nie in hierdie jeugouderdomsgroep se geval 'n deurslaggewende impak op toekomsverwagtinge het nie. Opvolgnavorsing (soos byvoorbeeld oor die toekomsverwagtinge van derde- of vierdejaarstudente) kan hierop verdere lig werp.

In antwoord op die aanvanklike navorsingsvraag, kan onomwonde gestel word dat die bruin jeug nie skepties is oor hul toekoms in Suid-Afrika nie, en gevolglik kan gekonstateer word dat hul persepsies oor die verwesenliking van hul toekomsideale in Suid-Afrika nie, of baie min, geraak word deur sosio-politieke probleme en soeke na kollektiewe identiteit. Met reg kan ook gevra word of laasgenoemde hoegenaamd by die bruin jeug 'n brandende kwessie is. In hierdie verband merk Malan (*Rapport* 2003) op dat die vermoede bestaan dat die jeug die hele rassedebat as irrelevant begin beskou terwyl hulle immers op skool en sosiaal meng.

In breër verband strook die positiewe uitkoms van die ondersoek met die bevindinge van 'n redelik onlangse ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing getiteld *South African social attitudes: Changing times, diverse voices* waarvolgens (in die breë) 93% van Suid-Afrika se inwoners trots is op hul land, en 83% van inwoners verkies om burgers van dié land te wees, ondanks die feit dat net 49% van die respondente van opinie was dat hul lewensomstandighede in die volgende vyf jaar sal verbeter (cf. *Beeld* 2006a).

Om op grond van die bevindings te konstateer dat daar nie wesenlike kommer oor die samelewing in Suid-Afrika hoef te bestaan nie, sal 'n mistasting wees. Die respondente het in beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing met klem en dikwels die misdaad en geweldsituasie as baie problematies uitgesonder. Uit die meeste respondente se perspektief is dit egter geen rede vir wegkom uit Suid-Afrika nie, maar eerder 'n probleem wat opgelos kan word.

Uit onderwysvoorsieningsoogpunt is die bevindings spesifiek van belang en verblydend: Die bruin jeug se positiewe lewensinstelling en plaaslik georiënteerde toekomsverwagting is vrugbare teelaarde vir betekenisvolle onderwys. Vanweë hierdie inherente potensiaal het bruin gemeenskappe alle rede om met nuwe ywer en planmatigheid hulle skole te beskerm teen die benede-geweld en swak dissipline waardeur baie bruin skole steeds geteister word. Insgelyks kan gemeenskapsontwikkelingsorganisasies en groeperings soos die Bruin Belange Inisiatief (BBI) met goeie gevolg op skole fokus in die uitwerk van strategieë om die bruin gemeenskap veral sosio-ekonomies te bemagtig.

As meta-samevatting kan gestel word dat toekomsverwagtingdata onontbeerlik is vir die sinvolle beplanning en aanpak van interaksie met, en leiding aan adolessente in Suid-Afrika. Tegelykertyd dien hierdie data ook as barometer van waardes en omstandighede in die Suid-Afrikaanse samelewing. Periodieke herhaling van toekomsverwagtingnavorsing onder die jeug is dus noodsaaklik.

BIBLIOGRAFIE

- Adhikari, M. 2002. Ambiguity, assimilationism and anglophilism in South Africa's Coloured community: the case of Piet Uithalder's Satirical Writings, 1909-1922. *South African Historical Journal*, 47(Nov. 2002): 115-131.
- Adhikari, M. 2004. 'Not Black Enough': Changing expressions of coloured identity in Post-Apartheid South Africa. *South African Historical Journal*, 51: 167-178.
- Adhikari, M. 2006. 'God made the white man, God made the black man...': Popular racial stereotyping of coloured people in Apartheid South Africa. *South African Historical Journal*, 55:142-164.
- Beeld 2006. 'Behandel swart, bruin gelyk.' 19-05-2006
- Crockett, L. J. & Silbereisen, R. K. (eds). 2000. *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bronfenbrenner, U. 1990. Discovering what families do. In *Rebuilding the Nest: A New Commitment to the American Family*. Family Service America [online]. Available from <<http://www.montana.edu/www4h/process.html> [Accessed 15 May 2008].
- De Jongh, M. 2006. Exclusivity, hybridity and community: negotiating place, ethnicity and South African realities. *Anthropology Southern Africa*, 29(3&4):74-83.
- Dyers, C. 2004. Ten years of democracy: attitudes and identity among some South African school children. *Per Linguam*, 20(1):22-35.
- Erasmus, Z. Bruin, swart en Afrikaan: jy kan al drie wees. *Rapport*, 08-06-2003.
- Finchilescu, G. & Dawes, A. 2001. Adolescent's perceptions of the future of South Africa: A 40 year perspective. In Stones, C.R. (ed.), *Socio-political and psychological perspectives on South Africa*. New York: Nova Science Publishers, Inc.
- Hendricks, C. 2001. The burdens of the past and challenges of the present: coloured identity and the 'Rainbow Nation', in *Ethnicity & Democracy in Africa*; B.
- Hendricks, C. 2005. Commentary: debating coloured identity in the Western Cape. *African Security Review*, 14(4):117-119.
- Geldenhuys, J. & De Lange, N. 2007. Career identities of first-year female coloured students. *South African Journal of Education*, 27(1):117-137.

- Kamper, G.D. & Steyn, M.G. 2008. The effects of social problems on the future expectations of Afrikaans speaking South African adolescents. *Social Work Practitioner-Researcher*, 20(1): 69-89.
- Kane-Berman, J. 2007. Analysing the poverty of the president's attack. *Business Day*, 22-11-2007.
- Larson, R. W.; Wilson, S. & Mortimer, J. T. 2002. Conclusions: Adolescents' preparation for the future. In: Larson, R. W., Bradford Brown, B. & Mortimer, J. T. (eds). *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Laubscher, R.L. 2003. Suicide in a South African town: A cultural psychological investigation. *South African Journal of Psychology*, 33(3):133-143.
- Malan, C. Noem my maar liefder 'n bruin Afrikaner. *Rapport*, 14 Sept. 2003.
- Martin, D.C. 2004. The Coloureds in South Africa. In *Social Identities in the New South Africa*, A. Zegeye (ed.) Cape Town: Kwela Books.
- Rooi, J. Dis tyd vir 'n drukgroep oor bruin belange. *Rapport*. 27 Julie 2007.
- Swart, E. & Pettipher, R. 2005. A framework for understanding inclusion. In: Landsberg, E. (ed.). *Addressing barriers to learning*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Suid-Afrika. 1950. Groepsgebiedewet, Wet nr 41. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1951. Wet op die Afsonderlike Registrasie van Kiesers, Wet nr 46. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1956. Wysigingswet op die Afsonderlike Registrasie van Kiesers, Wet nr 9. Pretoria: Staatsdrukker.
- University of Cape Town. 2009. Department of Historical Studies. Available from < <http://web.uct.ac.za/depts/history>. [Accessed 20 October 2009]
- Williams, P. 2002. 'Mother of thieves stole our identity': Anguish of 5 million 'coloureds'. *Sowetan Sunday World*. 15 December 2002.